NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 29 - Maart 2010

# ‘n Helderder baadjie vir Krediet

**NWK Krediet pas aan by veranderende tye en is in die proses om ‘n aantal strukturele en ander wysigings aan te bring.**

Volgens Freddie Pohl (bestuurder: Krediet) gaan aangepaste werksaamhede vir die volgende produksieseisoen geïmplementeer word. Dit behels onder meer dat die huidige kredietstel-werkwyse aangepas word om meer doeltreffend en gebruikersvriendelik te wees. Klante sal voor die implementering in Mei/Junie breedvoerig hieroor ingelig word (hou die volgende uitgawe van *Koördinaat* dop).

Voorts trek die departement ‘n helderder bemarkingsbaadjie aan. Freddie sê dat sinvolle produkuitbreidings en diversifisering intensief ondersoek word en weldra aan klante gekommunikeer sal word. As deel van hierdie inisiatief en om administratiewe behoeftes aan te spreek, word ondersteunende stelsels ook aangepas.


*Debbie Venter*

Met die oog op dié aspekte sal Debbie Venter (voorheen by Diverse Lede werksaam) as beampte: Stelselontwikkeling en Bemarking werksaam wees. Skakeling met boereverenigings en studiegroepe sal onder meer onder dié pos ressorteer.

Produsente wat meer as een debiteurekaart gebruik, word ook daarop gewys dat hulle in die toekoms ‘n keuse kan uitoefen met betrekking tot die formaat van rekeningstate se inligting. Transaksies kan na hul behoeftes volgens kaartgebruiker of volgens transaksiedatum op die staat reflekteer. Produsente kan hulle behoefte in dié verband aan die Kredietdepartement kommunikeer. “Dié inisiatiewe help om trots en tevredenheid te kweek,” aldus Freddie.

Debbie sal ten minste een keer per jaar die verskeie boereverenigings, in NWK se bedieningsgebied, se vergaderings bywoon. Indien boereverenigings/studiegroepe enige navrae of dringende sake het wat hulle met Debbie wil bespreek, kan hulle haar by (018) 633-1086 kontak of stuur ‘n e-pos na *diverse@nwk.co.za.*

## Ingenieursdienste wys hul staal

Twee siwwe vir die verwydering van skadelike sade is vir die silo op Mareetsane gebou. Volgens Fanie Swanepoel (bestuurder: NWK Ingenieursdienste) is uitgediende toerusting van silo's meestal nie in die handel verkrygbaar nie. Dit is dán wanneer Ingenieursdienste letterlik en figuurlik hul staal toon en die toerusting in hul modern toegeruste werkswinkels herbou. Die twee vakmanne, Theuns Oosthuizen (ketelmaker), links, en Manie Malan (passer en draaier) is by NWK Ingenieursdienste in die meganiese werkswinkel werksaam.



NWK
U tevredenheid is ons trots

# Van droë kunsmis na vloeibaar

Die gemaklike hantering en aanwending van vloeibare kunsmis veroorsaak dat meer en meer produsente daagliks navraag doen oor die omskakeling van droë kunsmis na vloeibaar.

"Verskeie faktore soos toerusting, bewerkingspraktyke en oppervlakte bewerk, moet in ag geneem word. Omskakeling het egter 'n finansiële implikasie, maar gemeet teen die arbeidbesparing en hanteringskoste is dit egter binne een seisoen uitgewis," verduidelik Dewald Steyn (bestuurder: Vloeibare Kunsmis en Saad).

Sou jy omskakeling oorweeg, kan Vloeibare Kunsmis jou met eerstehandse inligting voorsien en jou beplanning vir jou doen. Praktiese installasies en demonstrasies sal by bestaande klante gedemonstreer word. Omskakeling behoort vroegtydig, veral buite seisoen, aangepak te word.

Navrae kan gerig word aan Dewald by 082 416 4051 of (018) 632-3023/3014.

# Oordragsaad kan híér getoets word

Produsente kan hul oordragsaad na die Saad-afdeling bring om getoets te word. Die koste beloop R150/monster.

***Benjamin Moss (algemene werker: NWK Saad) is besig om die grassaad uit die saad-omhulsel te haal. Dit word dan op nat laboratoriumpapier vir ongeveer tien dae teen 27°C gestoor, waarna dit getoets word.***

# DIY nou makliker met Econobuild

**Is jy lus vir vernuwing, maar terselfdertyd ook vir 'n uitdaging? Dan het Econobuild op Lichtenburg net die regte ding om jou mee besig te hou.**

Dié winkel het 'n "Do it yourself (DIY)"-afdeling, waar jy verskeie toebehore kan koop om iets soos 'n kombuis, self aan mekaar te sit.

Andre Terblanche (bestuurder: Econobuild, Lichtenburg) verduidelik kortliks hoe maklik dit is om kombuiskaste in te sit:

1. Bepaal jou kombuisgrootte.
2. Doen die uitleg van jou kombuis (verskillende groottes en kleure kombuiskaste is beskikbaar) .
3. Haal jou kombuiskaste uit.
4. Begin op 'n punt om die "karkas" teen die muur vas te sit (horisontaal en vertikaal, waterpas). Sit eers die onderste kaste in en dan die boonste kaste.
5. Monteer die blad (verskillende kleure beskikbaar).
6. Sit die paneel onder die onderste kaste op.
7. Knip die deure vas en verstel die skarniere.
8. Sit die laaie in. Jy kan ook groentemandjies (opsioneel) insit.
9. Die kante van die "karkas" se paneel (wat na buite wys) word toegemaak met dieselfde kleur as die res van die kombuiskaste.
10. Heel laaste sit jy die handvatsels aan en seël die blad agter met silikon.

**Koste:** ongeveer R15 000
**Bykomend:** Oondkas (verskillende groottes)

**Wat het ek alles nodig?**

1. Waterpas
2. Boor
3. Skroewe
4. Silikon
5. Hamer

Econobuild help graag met die beplanning en uitleg van jou kombuis. Vir meer inligting skakel Andre by 073 175 8176. Vir die wat nie die DIY-pad wil stap nie, kan Econobuild die kombuis teen 'n billike koste vir jou installeer.

***Só lyk 'n kombuis wat jy self kan insit.***

***'n "Karkas" met sy deure.***

# Diens kunsmispompe voor einde Julie

Dit is nou die tyd om seker te maak jou kunsmispompe is skoon en reg vir die nuwe seisoen. Bring jou pompe betyds vir 'n diens en skoonmaak na die Vloeibare Kunsmisfabriek.

Alle pompe kan nou omgeskakel en toegerus word met die nuutste tegnologie. Dié omskakeling sal R300 per pomp beloop. Daarna word die pomp gekalibreer en is dit reg vir die nuwe seisoen. Opgradering en diens van pompe gaan dié jaar slegs by die fabriek tot einde Julie gedoen word.

Verseker dat alle kunsmistoerusting deeglik skoongemaak is, voordat jy dit bêre. Skakel Kobus de Bruyn (fabriekbestuurder) of Dawid van den Berg (produksiebestuurder) by (018) 632-4690 vir die diens van toerusting en voorsiening van onderdele.

# Haelseisoen nog lank nie verby

**"Strydig met wat die meeste produsente dink, is die haelseisoen nog nie verby nie," het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gewaarsku.**

Volgens statistiek verskaf deur die leier oesversekeraar, Santam Landbou, het Februarie die hoogste gemiddelde getal dae (4,30) haelskade in die Lichtenburg-distrik oor 'n tydperk van tien jaar gerapporteer. Selfs Maart hou vir die produsent 'n risiko in, met 'n gemiddeld van 2,30 dae haelskade gerapporteer.

| SEISOEN | DAE SKADE PER MAAND | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | SEP | OKT | NOV | DES | JAN | FEB | MRT | APR | MEI | TOTAAL |
| 1999/2000 | 0 | 0 | 0 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 11 |
| 2000/2001 | 0 | 5 | 5 | 8 | 2 | 3 | 3 | 0 | 0 | 26 |
| 2001/2002 | 0 | 6 | 2 | 9 | 7 | 5 | 1 | 0 | 0 | 30 |
| 2002/2003 | 0 | 1 | 0 | 3 | 12 | 3 | 5 | 0 | 0 | 24 |
| 2003/2004 | 0 | 0 | 2 | 2 | 2 | 8 | 4 | 1 | 0 | 19 |
| 2004/2005 | 0 | 0 | 0 | 4 | 1 | 9 | 3 | 3 | 0 | 20 |
| 2005/2006 | 0 | 0 | 3 | 3 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 14 |
| 2006/2007 | 0 | 0 | 3 | 1 | 3 | 1 | 0 | 1 | 0 | 9 |
| 2007/2008 | 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 10 | 4 | 1 | 0 | 24 |
| 2008/2009 | 0 | 0 | 2 | 1 | 9 | 1 | 0 | 1 | 1 | 15 |
| TOTAAL | 1 | 15 | 19 | 36 | 40 | 43 | 23 | 10 | 5 | 192 |
| GEMIDDELD | 0,10 | 1,50 | 1,90 | 3,60 | 4,00 | 4,30 | 2,30 | 1,00 | 0,50 | 19,20 |

Willie wys verder daarop dat gewasse nou in die reproduktiewe stadium is en dus ekstra gevoelig vir haelskade is. Dit beteken dat produsente nou 'n baie hoë risikotydperk in gaan. Moet dus nie tyd en geld vermors nie en gesels sommer dadelik met jou NWK Versekeringsmakelaar of kontak Willie by (018) 633-1205 of stuur 'n e-pos na *wplouw@nwk.co.za.*

## Ken jou handelsmerk - Voëltjiekos

NWK se Saad-afdeling het 'n voëlkosreeks om van te kies en te keur. Die Swanky-reeks is by meeste Spar-, OK- en LandMark-winkels asook Goal Supermarkte in Noordwes beskikbaar.

- Hoenderlêkorrels (10 kg; 5 kg)
- Groeimeel (10 kg; 5 kg; 2 kg)
- Lêmeel (5 kg)

***Lood de Beer***

- Aanvangsmeel (5 kg)
- Gebreekte mielies (10 kg; 5 kg; 2 kg)
- Heelmielies (10 kg; 5 kg; 2 kg)
- Voëltjiesonneblom (10 kg; 5 kg; 2 kg)
- Rooimanna (1 kg)
- Kokketielmengsel (1 kg)
- Chic-Chic (mieliekoringmengsels) (5 kg; 2 kg)
- AVIPLUS-produkte
- Die Goldwing-reeks (vir duiwe) word in 10 kg en 25 kg sakke verpak. Dit kan by NWK se LandMark-winkels aangekoop word.

Vir meer inligting oor bogenoemde voëlkos skakel Lood de Beer (saadbemarker) by (018) 632-3023 of stuur 'n e-pos na *lodewyk@nwk.co.za.*

## Proewe-besoekdag

NWK Landboubestuursdienste se jaarlikse proewe-besoekdag vind 18 Maart op die Rietgat proefperseel naby Halfpad silo plaas. Registrasie is vanaf 08:30. Vir verdere navrae skakel (018) 633-1143.

## Koringsaad bonanza

NWK se Saad-afdeling bied vanjaar groot kortings aan op alle gewilde koringkultivars. Genoegsame hoeveelhede saad is beskikbaar, maar vroeë aankope gaan produsente beslis geld in die sak bring.

"Hierdie aanbieding sal egter net geld solank voorrade hou. NWK verbind hom steeds aan die wetgewing om vir sy produsente net die beste, goedgekeurde saad aan te bied," het Dewald Steyn (bestuurder: Vloeibare Kunsmis en Saad) gesê.

Kortings word soos volg aangebied:

**SST 835 en SST 826:** Maart (10%), April (9%), Mei (8%) en Junie/Julie (3%). Gedurende Junie en Julie sal daar 5%-korting gegee word vir kontantaankope. **SST 843:** Mei (5%), Junie en Julie (3%) en vir kontantaankope steeds 5%.

Produsente wat hierdie seisoen by NWK koringsaad aankoop, sal in 2011 vir 'n lojaliteitskorting kwalifiseer, indien hulle dieselfde hoeveelheid of meer aankoop. Gewilde winterweidingsaad van alle kultivars is ook weer by die Saad-afdeling en NWK LandMark-winkels beskikbaar.

Plaas jou bestelling vroegtydig, sodat beskikbaarheid verseker kan word.

## Opgaartenks moet beskut wees

Die blootstelling van kunsmistenks aan die son verkort die leeftyd van tenks met meer as die helfte. Tenks wat onder afdakke of in store staan, se leeftyd word aansienlik verleng. "NWK onderneem om tenks, wat deur ons voorsien is, in die toekoms slegs te vervang of te herstel indien dit teen die son en wind beskut is," het Dewald Steyn (bestuurder: Vloeibare Kunsmis en Saad) gesê.

# Ken jou winkel-bestuurder

## - 5 feite oor Basjan Ras

Jan Adriaan Ras (of Basjan – soos almal hom ken) het grootgeword in die Fochville- en Lichtenburg-omgewing. Hy het vier jaar op die myn gewerk en geboer, waarna hy vir vier jaar by Noordwes Koöperasie werksaam was. Daarna het hy eers 'n draai by Vleissentraal gemaak.

Vandag is hy al amper 'n dekade lank by die LandMark-winkel op Grootpan werksaam. *Koördinaat* se redaksie het met hom gesels:

- **Wat doen jy graag in jou vrye tyd?**
  Ek hou daarvan om met hout te werk.
- **Sukses vir my is...**om mens te kan wees. As ek myself kan ontleed, besef ek dat ek nog spasie vir verbetering het. Dit is ook om my kennis te deel met die personeel wat saam met my in die besigheid groei.
- **As ek R10 000 wen en moet blaas...**sit ek nog R10 000 by en hou 'n klein partytjie net vir NWK se winkelbestuurders en personeel – "dit is net as hulle hul eie vleis saambring."
- **Om gefokus te bly moet ek...**in beheer wees, weet van alles wat om my plaasvind en kennis van alles waarmee ek werk, opbou, want as ek iets wil verkoop, wil ek al die detail van die produk ken.
- **Mense wat my inspireer is...** mense wat iets aanpak en dit klaarmaak; my vrou is een van dié.

# Misverstande oor oesversekering

**Heelwat misverstande ontstaan ten opsigte van watter dekking jou oesversekering, en meer spesifiek haelversekering, bied.**

"Behalwe met 'n paar klein verskille, bied al die versekeraars dieselfde dekking – met die haelkomponent wat seker die belangrikste is," het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gesê.

"Dekking vir hael word beskou as die skade veroorsaak aan jou oes deur die fisiese, meganiese aksie van die haelkorrel deur byvoorbeeld 'n koringhalm te knak of af te slaan. Gevolglike skade, soos veroorsaak deur wind wat met die hael gepaard gaan, of die ysring wat om die plant se stam vorm, is nie gedek nie."

Willie moedig ook versekerdes aan om gebruik te maak van hul arbitrasiereg in terme van die polisvoorwaardes indien hulle nie tevrede is met die persentasie skade toegeken tydens taksasies nie. In só 'n geval moet die versekerde nie die eisvorm teken nie en binne drie werksdae daarna skriftelik 'n hertaksasie aanvra.

Versekerdes moet hulself vergewis van die toepaslike voorwaardes en regte.

Vir meer inligting oor oesversekering, skakel jou naaste NWK Verseke-ringsmakelaar of kontak Willie by (018) 633-1205 of stuur 'n e-pos na *wplouw@nwk.co.za*.

*Graan*

# Opleiding help bou aan produsente se toekoms

NWK Landboubestuursdienste en Krediet het op Donderdag, 21 Januarie 'n inligtingsdag vir ontwikkelende produsente in die NWK bedieningsgebied aangebied. Volgens Mozzart Marumoloe (Krediet), was die doel van die dag om inligting rakende graanpryse en strategieë aan die produsente deur te gee, sodat hulle meer ingeligte besluite kan neem.

Jannie Rothman en Danie Smith van NWK Graanbemarking, sowel as Herbert Mokoena van Santam Landbou, het die produsente toegespreek.

Dié produsente is verlede jaar verder vir 'n boerderybestuurskursus wat hulle suksesvol voltooi het.

**Assessering**

Landboubestuursdienste in samewerking met ITO fokus het bogenoemde ontwikkelende produsente op 27 Januarie vanjaar geassesseer. 'n Sekere aantal produsente is tydens die dag geïdentifiseer om verdere opleiding rakende plaasbestuur te ontvang. Die opleiding behels vyf modules, wat teorie en 'n praktiese gedeelte insluit. Landboubestuursdienste wens hulle alle sterkte toe!

***AM Manuel, LS Mokgethi, RL Manoto, AM Zilimbola en SA Ratshikana was van die produsente wat die inligtingsdag bygewoon het.***

# Dr Sierk wil waardevolle bydrae maak

**Dr Sierk Ybema, wat aan die begin van vanjaar onder kontrak as bestuurder: Navorsing en Ontwikkeling by Graandienste aangestel is, het 'n "passie vir die graanbedryf en sien geweldig daarna uit om 'n bydrae tot NWK te maak".**

Hy het sy BSc-, BSc (Hons)-, MSc- en PhD-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Tydens sy nagraadse kwalifikasies het hy op mikrobiologie en veral plantfisiologie gefokus. Hy het in 1983 by die Koringraad as graaninspekteur begin werk en in 1995 het hy die Raad as afdelingshoof van Gradering en Graanbestuursdienste verlaat.

Hy het daarna by die LNR-Kleingraaninstituut op Bethlehem gaan werk, waar hy in beheer was van ses groot projekte van dié Instituut. Hy fokus veral op kultivar-evaluasie, saadvermeerderings en graankwaliteit.

*Dr Sierk Ybema*

Aan die einde van 1999 verlaat hy die LNR en begin as privaatkonsultant werk. In 2003 het hy by Senwes as bestuurder: Navorsing en Ontwikkeling begin werk, waar die fokus op die ontwikkeling van toegevoegde waarde geval het. Hy was tydens sy dienstermyn by Senwes nou betrokke by die skryf van nuwe graderingsregulasies vir die verskillende landbougewasse vir Suid-Afrika en die ontwikkeling van kleurkaarte vir GOSA.

By NWK sal sy fokus op graankwaliteit en waardetoevoeging wees en daar sal veral op die kwaliteit van graan en oliesade, wat deur NWK self verwerk word, gefokus word. 'n Graanlaboratorium sal opgerig word om waardetoevoeging te ondersteun, maar dit sal ook kommersieel aangewend word.

Dr Ybema boer met wild in die Oos-Vrystaat (sy gunsteling deel van Suid-Afrika). Hy is lief vir die buitelewe en hou baie daarvan om saam met sy kinders en die stapklub waaraan hy behoort, te stap.

## Boerderywenke vir die produsent

Produsente moet nou hieraan aandag gee:

### Oorlêlande

Om die volle waarde van 'n oorlêland te ontsluit, is dit nodig dat alle beperkings opgehef word. Hiervan is grondverdigtings en chemiese wanbalanse die belangrikste.

Die toets van verdigte sones met 'n penetrometer en chemiese presisie, is die mees betroubare metodes om hierdie beperkings betyds op te spoor en op te hef. Verder is daar voldoende tyd oor vir die res van die seisoen om regstellings te doen. NWK Landboubestuursdienste is uitstekend geposisioneer om hierdie dienste aan produsente te bied.

### Mielielande

Winteronkruid begin gewoonlik vanaf April opkom en is dan later die winter 'n groot probleem. Dit is 'n goeie praktyk om die mielielande, hetsy meganies of chemies, net na fisiologiese rypwording van die mielies, skoon te maak. Wye rye kan geskoffel of gespuit word of alternatiewelik kan die lande oorhoofs met hoogloopspuite bespuit word.

## Wikus, ons gaan jou mis!

*Wikus van der Westhuizen*

Wikus van der Westhuizen (voormalige bestuurder: Lottiehalte silo) en sy vrou, Martie, is Sondagmiddag, 13 Desember 2009, tragies in 'n motorfietsongeluk oorlede.

Lourens van Tonder (assistent-bestuurder: Lottiehalte silo) en die res van die silo-span neem afskeid:

"Op dié middag verlede jaar het alles verander – die horlosie het gaan stilstaan en die uurglas het uitgeloop. Soveel dinge wat ons beplan het, soveel dinge wat ons vanjaar wou aanpak.

Ek het nooit regtig die kans gebruik om vir jou te sê watter goeie bestuurder jy werklik was nie. Wel, vandag sien jy hoe ek dié brief vir jou skryf.

Die meeste van wat ek weet, het ek in tien jaar saam met jou opgetel. Jy was die leermeester en inspirasie. Dankie vir die tien jaar wat ek saam met jou kon werk, dit was voorwaar 'n groot voorreg.

Ek sien jou nog elke dag hier, alles foutloos agtergelaat, al die programme wat jy op Excel gemaak het. Dit maak my werk vandag soveel makliker.

Lottiehalte silo sal nooit weer dieselfde wees nie. Dit is hartverskeurend, maar ons moet dit aanvaar. Hier sal iemand kom wat in jou voetspore sal volg, maar jou skoene sal hy moeilik volstaan.

Lottiehalte se personeel neem nou afskeid van jou, maar ons sal jou nooit vergeet nie.

Oom Wikus en tannie Martie: Rus in vrede."

Liefde
Lourens

# Aandele verhandeling

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Desember 2009 tot 31 Januarie 2010 verhandel:

**NWK Beperk**

| *Getal* | *Prys per aandeel* |
|---|---|
| 41 242 | R3,95 |
| 4 201 | R3,96 |
| 221 244 | R4,00 |
| 6 010 | R4,01 |
| 272 697 | |

**NWK Beherend Beperk**

| *Getal* | *Prys per aandeel* |
|---|---|
| 3 201 | R2,50 |
| 5 000 | R2,85 |
| 3 500 | R2,87 |
| 74 957 | R2,90 |
| 9 615 | R2,95 |
| 96 273 | |

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1158/1159/1089 skakel, indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop.

# Nuwe SAVG-raad verkies

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie (SAVG) bevorder veral graanproduksie in Suidelike-Afrika en verteenwoordig instansies, navorsers en landboukundiges uit dié bedryf.

"Die klem is veral op navorsing en die skep van forums, waar die resultate aan die bedryf bekendgestel kan word. Hiervoor word daar jaarliks 'n kongres aangebied en 'n wetenskaplike joernaal word gepubliseer," het Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste), asook die tesourier van dié vereniging, gesê.

Daar word ook gepoog om goeie samewerking met sustersverenigings te handhaaf en die Januarie 2010 kongres in Bloemfontein was weer 'n gesamentlike poging tussen hierdie vereniging en die Grondkunde-, Tuinbou- en die Plantbeskermingsvereniging.

Die vereniging se ledetal beloop tans sowat 370 lede wat saamgestel is uit die geledere van instansies soos die LNR, universiteite, insetverskaffers en landboumaatskappye. Die nuwe Raad is aangewys tydens die Algemene Jaarvergadering wat op 21 Januarie vanjaar in Bloemfontein gehou is.

***2010 se SAVG-raad. Voor: Prof Martin Steyn (Universiteit van Pretoria), dr Annelie Barnard (LNR-KGI), Elbe Hugo (LNR-IGG), Estelle Kempen (Universiteit van Stellenbosch) en Charmaine Sullivan (onafhanklik). Agter: Dr Gert Ceronio (Universiteit van die Vrystaat), dr Diana Marais (Universiteit van Pretoria), Sanesh Ramburan (SASRI), Francois Olivier (SASRI), Arno van Vuuren (NWK) en dr Johan van Biljon (Omnia).***

# Graanbemarking investeer in opleiding

***Kassie Kasselman***

***Johan Delport***

***Niklaas van der Walt***

***Rikus Vosloo***

NWK Graanbemarking is sedert 2008 by die indiensopleiding van leerling-graanhandelaars betrokke.

Rikus Vosloo en Niklaas van der Walt was die eerste aanstellings vir hierdie doel en nadat hulle einde verlede jaar junior graanhandelaars geword het, is daar aan die begin van Februarie vanjaar weer twee leerlinggraanhandelaars aangestel.

"Dit is gewoonlik studente wat net klaar gestudeer het en min of geen ervaring het. Die voordeel om by die opleiding betrokke te wees, is dat die leerlinge blootgestel word aan die bestaande klante, strukture en stelsels. Wanneer hulle as junior graanhandelaars aangestel word (gebaseer op meriete en beskikbaarheid van poste), is die oorgangsproses dan net soveel makliker," het Danie Smith (bestuurder: Graanverhandeling) verduidelik.

"Die doel van die opleiding is om kontinuïteit in dienslewering en kundigheid te verseker, sou daar personeelwisseling plaasvind. Ons het met dié tipe opleiding begin omdat daar so min opgeleide en ervare handelaars in die mark beskikbaar is," het Danie gesê.

Johan Delport en Kassie Kasselman, wat albei aan die Universiteit van die Vrystaat studeer het, het 1 Februarie vanjaar as leerling-graanhandelaars by dié departement begin werk.

Skakel gerus ons graanverhandelingskantoor by (018) 633-1030 vir al jou behoeftes ten opsigte van die bemarking van graan vir die komende seisoen.

# NWK goeie môre...

**Om 2 200 oproepe per dag te antwoord, sit nie in enige persoon se broek nie. Met *Koördinaat* se besoek aan die skakelbordkantoor by NWK Hoofkantoor was daar nie 'n minuut wat verby gegaan het, wat die foon nie gelui het nie.**

Magda du Plessis, Leana Stoltz en Marthie du Toit is aan die stuur van sake in dié kantoor. *Koördinaat* se redaksie het bietjie meer van die dames aan die ander kant van die foon gaan uitvind:

Hoe lank werk jy al by Skakelbord?
**Magda:** 20 jaar
**Leana:** 13 jaar
**Marthie:** 5 jaar

Wat is die een ding wat jy die meeste van jou werk geniet?
**Magda:** Om te lag vir die publiek en die personeel.
**Leana:** Om met mense te werk.
**Marthie:** Alles.

As jy nie by die werk is nie, wat doen jy graag in jou vrye tyd?
**Magda:** Tuinmaak en motorfietsry.
**Leana:** Lees, blokkiesraaisels invul en tyd saam met familie spandeer.
**Marthie:** Lees en naaldwerk.

As watter tipe mens sal jy jouself beskryf?
**Magda:** Behulpsaam, geduldig en lojaal.
**Leana:** Geduldig, behulpsaam, harde werker en baie liefdevol.
**Marthie:** Hulpvaardig.

Die drie is dus uitgeknip vir dié pos. As jy in dié kantoor wil werk is vriendelikheid, behulpsaamheid, kennis van die maatskappy, vinnige en akkurate diens en telefoonetiket aan die orde van die dag.

Die uitdagendste van hul werk is om soveel moontlik oproepe te kan hanteer en vinnig en korrek deur te skakel.

Om boodskappe te neem en klante terug te skakel, is nie deel van hul verantwoordelikheid nie. Hulle werk behels die hantering van uitgaande en inkomende oproepe, die opdatering van interne telefoonlyste en verkorte skakelbordlyste asook algemene navrae. Die vrae wat hulle die meeste gevra word, is telefoonnommers van bedryfspunte, padaanwysings en watter soort maatskappy NWK is.



***Die dames wat die lewe vir baie klante makliker maak. Van links is Magda du Plessis, Leana Stoltz en Marthie du Toit.***

## Iets om oor te lag

So tussendeur die ernstige oproepe, kom daar ook "tranetrekkers" deur. "Ons moet ons dan self beteuel om nie uit te bars van die lag nie," het Leana gesê. Hulle deel dit met ons:

- **Klant:** "Ek het nie 'n van of voornaam van die persoon waarmee ek wil gesels nie, maar sy ry 'n wit kar en ek wil met háár praat."
- **Klant:** Kan ek asseblief met Kobus praat?
  **Skakelbord:** Watter Kobus?
  **Klant:** Kobus, Graan
  **Skakelbord:** O, Kobus Dettman
  **Klant:** Nee, hy is nie dood nie, hy lewe.
- **Skakelbord:** NWK goeie môre
  **Klant:** Hei man, waar's my pale en sement?

*Nywerhede*

## Indiese vervaardiger beïndruk Epko

FP Dafel (prosesingenieur: Epko) het die voorreg gehad om verskeie masjienvervaardigers in Europa en Indië in November verlede jaar te besoek.

By die verskeie vervaardigers het hy belangrike kennis en inligting ingewin wat moontlik by Epko, Epkor en ander aanlegte van NWK toegepas kan word.

Die vervaardigers wat sy reis vir hom die moeite werd gemaak het, was die Indiese heksaanaanlegvervaardiger, Kumar Metal Industries (in samewerking met Crown International).

"Die samewerking tussen 'n Indiese en 'n internasionale maatskappy verhoog die Indiese kwaliteit." 'n Belangrike aspek wat hy geleer het, is dat die ontgomming van ruolie, voordat dit geberg word, redelik standaard is. Die gomme kan by die ontvette oliekoek gevoeg word, om die vog en volume van die koek te verhoog.

Verder sê hy die netheid, kwaliteit van vervaardiging en beskikbaarheid van inligting is op 'n baie hoë vlak. Hy het ook Cimbria Sket GmbH (verskaffer van toerusting, tegnologie en aanlegte vir graanhantering, olieverwerking en lugskoonmaakstelsels) in Duitsland en Bühler in Switserland besoek. Laasgenoemde maatskappy plaas groot klem op kwaliteit toerusting, naverkoopdiens en opleiding vir kliënte. Vir die doel is groot opleidingsentrums met toegewyde toerusting opgerig.

***Die uitvoerende direkteur en die projekbestuurder van Kumar Metal Industries, by 'n ekstraheerder wat getoets word in die werkswinkel.***

# Wie's wie in NWK?
## – Ontmoet vir Johan Roestof

**Johan Roestof (bestuurder: Meganisasie Viljoenskroon) het 29 jaar op Bothaville gebly, waar hy onder andere by Vetsak vir drie en 'n half jaar as senior stoorman gewerk het. By Senwes se handelswinkel op Bothaville het hy agt en 'n half jaar as 'n senior toonbankklerk gewerk.**

In 2002 is hy as bestuurder: Onderdeleafdeling, Delareyville aangestel. Drie jaar later maak NWK twee meganisasiebedryfpunte op Ventersdorp en Viljoenskroon oop. In dié jaar begin hy as bestuurder: Meganisasie op Viljoenskroon te werk.

*Johan Roestof*

Sy pos behels onder andere die bemarking en opbou van 'n kliëntebasis. Uitdagings sien hy egter glad nie as 'n hindernis nie, inteendeel is dit een van die dinge wat hy baie geniet.

Die jaar 2009 was nie 'n goeie jaar vir hom gewees nie. "2008 was weer 'n baie goeie jaar gewees – een waarin ons bedryfspunt 14 trekkers verkoop het. Dit is my mikpunt om weer só 'n winsgewende jaar te beleef." Die New Holland trekker wat die meeste in sy area verkoop word, is die T 8040 (sewe van dié trekkers is in hul area oor 'n tydperk van drie jaar verkoop). "Ek het nog 'n nuwe 'babatjie'," sê hy. "Dit is die nuwe CR 9060 stroper, waarvan ek die eerste een in 2010 verkoop het."

In Viljoenskroon self het Johan se bedryfspunt baie kompetisie, maar dit skrik hom nie af nie. "Kompetisie binne en buite NWK kan 'n skuiflyn wees," meen Johan. "Dit wat een bedryfspunt van 'n ander een onderskei, is diens en bystand."

### In sy vrye tyd

Johan het twee dogtertjies, Danita (6) en Danelle (4). Dit is vir hom lekker om tyd saam met hulle te spandeer. "Ons bou *skylectrics* en vang saam vis." As hy nie in die buitelug is nie, speel hy graag kitaar en "maak musiek saam met vriende en familie".

## Personeelsake

- Jan-Louis Marais is bevorder vanaf spanleier: Entspan, Boschpoort plaas tot die bestuurder: Grootmaakeenhede op dié plaas.
- Yolandi Lombard is as die assistentbestuurder: Broeiery aangestel.
- Kobus de Bruyn is as die algemene bestuurder van die Vloeibare Kunsmisfabriek aangestel.
- Enrico Verster is vanaf 18 Januarie as die mengoperateur by die Vloeibare Kunsmisfabriek werksaam.
- Jaco van Dyk, wat voorheen kassier by Delareyville se LandMark-winkel was, is oorgeplaas na die OK op Zeerust, waar hy as bestuurder aangestel is.
- Jaco se vrou, Belinda, wat voorheen as die bestuurder by die handelswinkel op Rostrataville werksaam was, is ook na die OK oorgeplaas en is nou as assistentbestuurder werksaam.

*Yolandi Lombard*

*Jan-Louis Marais*

*Kobus de Bruyn*

*Enrico Verster*

## Wen!

'n Gelukkige leser kan dié Salton *Gourmet* braaipan ter waarde van R450 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Watter afdeling van Econobuild word in dié uitgawe bekendgestel?**

### Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za*. Inskrywings moet Lani voor of op 12 April 2010 bereik. Jy kan ook die inskrywingsvorm by *www.nwk.co.za* invul.

### Vorige wenner

Baie geluk aan Cynthia Mutlwane-Ntebele wat die waaier ter waarde van R700 in die Januarie-kompetisie gewen het.

**Inskrywingsvorm**

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

**Reëls**

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers Lichtenburg behartig.

**NWK KOÖRDINAAT**

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

**REDAKSIE**

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Ruth Davies (018) 468-2716 • 083 583 5243 • *ruth@infoworks.biz*

**UITGEWER**

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.